# 'N PRINSIPIËLE BEGRONDING VAN DIE APARTHEIDS-BELEID

As ons saam 'n paar gedagtes wil wissel oor die prinsipiële begronding van die apartheidsbeleid, dan is dit seker nodig dat ons in die eerste plek moet kom tot 'n duidelike omskrywing van begrippe. Ons moet mekaar van die begin af reg verstaan anders sal die bespreking uitloop in 'n Babelse verwarring, aangesien uit verskillende lewens- en wêreldbeskouing verskillende antwoorde op dieselfde probleem moontlik is. Ons stel dit derhalwe baie duidelik dat ons uitgangspunt die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing is en dat van hieruit, derhalwe in die lig van die Calvinistiese Skrifinterpretasie, gesoek sal word na die beginsels wat aan die apartheidsbeleid ten grondslag lê. Die moontlike verskilpunte wat mag ontstaan, moet dan na die wortel toe deurgevors word om vas te stel of die standpunte op dieselfde fondament wortel. En dan kan gestel word dat die Calvinistiese siening nog maar in sy kinderskoene staan, dat die Calvinisme vandag ook nog deurdrenk is van nie-Calvinistiese gedagtes en dat die suiweringsproses 'n taak vir geslagte is. Wat ek gaan aanbied moet nie as Evangelie beskou word nie, maar moet gesien word as 'n ernstige poging om uit ons lewens- en wêreldbeskouing te kom tot 'n prinsipiële begronding van die apartheidsbeleid.

As ons nou van 'n apartheidsbeleid praat, dan impliseer die begrip al vanself die saamwoon van verskillende rasse onder wie groot verskille waarneembaar is, rasseverskille wat die vorming van een hegte geïntegreerde gemeenskap onmoontlik maak, verskille wat so groot is dat geen gemeenskaplike band gevind kan word wat almal heg kan saamsnoer nie. Alle samelewingskringe vind juis hulle bestaansreg daarin dat die mense binne sodanige gemeenskap deur 'n gemeenskaplike band in 'n eenheid verbind is. In ons siening van die samelewingskringe is dit een van die belangrikste beginsels van die Calvinisme. Die implikasie hiervan is dat die apartheidsbeleid nie 'n suiwer staatkundige beleid is nie — die staat is maar een van die vele eiesoortige samelewingskringe wat bestaan. Naas en gelykwaardig met die staat bestaan daar ook samelewingskringe soos die kerk, die huisgesin, die skool, die univer-

siteit, die ekonomiese bedrywe, die sportliggame, ens., ens. As die beginsel werklik 'n beginsel is, dan moet dit vir al hierdie samelewingskringe geld, want ons handhaaf die standpunt dat elkeen van hulle soewerein in eie kring is, nie deur enige van die ander oorheers word nie maar dat hulle gelykwaardig langs mekaar bestaan en elk deur God gewil is en deur sy genade in die ontwikkeling van sy raadsplan ontstaan. Maar omdat almal van hulle eiesoortig is, daarom sal die apartheidsbeleid in elkeen van hulle ook die eiesoortige karakter van die samelewingskring vertoon: apartheid gesien van die kant van die staat sal derhalwe anders wees as apartheid gesien van die kant van die kerk: die eiesoortigheid van die samelewingskring sal sy stempel daarop afdruk.

Aan die ander kant moet ook onthou word dat ons binne elke samelewingskring te doen kry met mense — 'n aantal mense word deur een of ander band saamgebind: so is u almal as lede van die Junior Rapportryersklub saamgebind deur die spesifieke statute of grondwet van u klub, in die kerk is ons saamgebind deur 'n gemeenskaplike geloofsbelydenis en in die staat deur 'n juridiese grondwet. Elkeen van hierdie samelewingskringe organiseer die mens slegs t.o.v. een of ander aspek van sy lewe en oortree nie op die terrein van die ander samelewingskringe nie — u sal nie van u lede vereis om hulle geloofsbelydenis te verwerp of om hulle staat te ondermyn nie! U lede is m.a.w. ook lidmate van 'n kerk, burgers van 'n staat, is besig om 'n gesin op te bou, ens. Hierdeur word die ander Calvinistiese beginsel, nl. van universaliteit in eie kring beklemtoon. U behartig in hierdie vereniging slegs die belange van die mense t.o.v. die doelstellinge van u vereniging, u verenig hier mense t.o.v. 'n gemeenskaplike belang. Maar u het met mense te doen, en hierdie mense het baie ander belange. Hierdie mense moet 'n harmonie in hulle lewe bewaar, daarom mag en sal u vereniging nie 'n botsing binne die mens veroorsaak nie. Sodra dit gebeur weet u dat u op die verkeerde pad is. U vereniging besit dus 'n eie indiwidualiteit, maar staan nie los van al die ander samelewingskringe nie. Tussen hulle almal is daar die intiemste samehang: vandaar ons pleidooi dat u hierdie bande moet erken en o.a. u regmatige plek moet inneem by die Afrikaanse Kultuurraad van Potchefstroom, wat u affiliasie behartig met die F.A.K. Sodoende vind u dadelik u regmatige plek binne die Afrikaanse Kultuurorganisasie van ons land.

Hieruit spruit voort 'n ander belangrike beginsel wat ons so dikwels vergeet, nl. dit dat die mens wat in die samelewingskringe t.o.v. spesifieke gemeenskaplike belange saamgesnoer word in 'n hegte eenheid, nie ophou om mens te wees nie, nie ophou om as mens verantwoordelik te staan voor God nie. En vir hierdie mens geld dat hy God meer gehoorsaam moet wees as die mens. As u Vereniging of enige ander samelewingskring dus iets van die lede vereis wat strydig is met die eise van God, dan het die mens die reg tot verset en moet die betrokke samelewingskring besef dat hy op die verkeerde pad is en dat die tyd vir reformasie aangebreek het as hy die naam van Christelik wil bly dra.

Hieruit volg noodwendig dat geen samelewingsverband die gehele mens omsluit nie — die mens t.o.v. al sy belange organiseer nie — geen samelewingsverband omvat die totale mens nie en mag dus nie totalitaristies wees nie. Nie die staat nie, maar ook nie die kerk nie en ook nie u Vereniging nie. Die mens word slegs in sy geheel omvat deur die koninkryk van God en in 'n Christelike samelewing is al die samelewingskringe onderdele van die koninkryk van God. En elke samelewingskring is eiesoortig en hang intiem saam met elke ander. Daarom mag die karaktertrekke van die samelewingskringe nie identifiseer word of gelykgeskakel word met dié van die mens nie. So sal die menslike vryheid iets anders wees as burgerlike vryheid of as vryheid van kerklidmate of lede van die Junior Rapportryers. En dit geld van alle eienskappe en karaktertrekke. Die mens is nie 'n klein staatjie of kerkie of wat ook al nie. Maar in alle samelewingskringe kry ons te doen met mense. Die goed word so dikwels met mekaar verwar en hierdie verwarrings lei tot die uiteenlopendste opvattings.

As die lg. onderskeiding nog in ooreenstemming is met die lig van die Skrif, as daar dus onderskei moet word tussen die eiesoortigheid van die mens as mens en die eiesoortigheid van die samelewingskringe en ons mens en samelewingskring nie met mekaar mag identifiseer nie, dan kom die vraag na vore of die mens nou a.g.v. sy menswees reg het om aan alle samelewingskringe te behoort of nie. As dit die geval was, sou ek u al dadelik vra hoekom al die jongmense van Potchefstroom nie lid van u Vereniging is nie, of hoekom almal van u nie lid is van dieselfde familie of huisgesin nie, of hoekom u nie almal lidmate is van die Geref. Kerk nie, ens., ens. U voel dat die standpunt verkeerd is as beweer word dat dit tot

die reg van die mens behoort om lid te wees van alle samelewingskringe, asof alle samelewingskringe die mens qua mens en dan totalitêr sou omvat. Nee, dit is die uitsluitlike reg van die samelewingskring om kragtens sy grondwet te bepaal wie hy as lid wil opneem en wie nie. Die kerk het sy eiesoortige kriterium waarvolgens lidmaatskap bepaal word, die staat het syne, die huisgesin het syne, u Vereniging het syne, en dit geld van elkeen van die gelykwaardige eiesoortige met alle ander intiem samehangende samelewingskringe. Hierin verskil ons radikaal van alle liberaliste. Hierdie reg plaas hulle onder „human rights" wat vir hulle fundamenteel in elke mens geleë is. Ons plaas dit onder die soewereiniteit van die samelewingskring.

Die vraag wat nou ontstaan is die vraag na die kriterium waarvolgens die samelewingskring sy lidmaatskap bepaal, en hierdie kriterium moet dan betrek word op die apartheidsbeginsel. Voor ons dit egter doen moet ons ons vergewis van die mens met betrekking tot volke, nasies en rasse, en in hierdie verband weer aandag gee aan die gelykheidsdogma wat van grondleggende betekenis is vir die kritiek teen ons apartheidsbeleid.

Die Skrif leer ons dat God die mens geskape het uit die stof van die aarde en in sy neus geblaas het die asem van die lewe waardeur hy 'n lewende wese geword het. God het hierdie mens toegerus met heerlike gawes en talente en hom gestel as heerser oor die aarde. Hy het die opdrag ontvang om vrugbaar te wees en te vermeerder, die aarde te vul, daaroor te heers, dit te beheers, te bewerk en te bewaak. Dit waarmee God Adam en Eva toegerus het, besit alle mense juis omdat hulle mense is. Die enigste verskil is dat die sondeval dit aangetas het, waardeur verswakking ingetree het. Maar slegs by Adam en Eva was hierdie toerusting volmaak ontwikkel by hulle skepping. By alle ander mense wat uit hulle gebore is, was en is hierdie toerusting in 'n staat van ontwikkeling en differensiëring van geboorte tot dood, terwyl dit met die opstanding by die herbore volk van God weer menslik volmaak sal funksioneer: deur die Gees van God gereinig van alle sondebesmetting. In hierdie sin is alle mense dus eners of gelyk, as u wil. En hiervan het die Christene in die verlede die slagspreuk ontwikkel dat alle mense, omdat die mens (Adam) na die beeld van God geskape is, as beelddraers van God gelyk is. Dit is egter 'n dogma wat op verkeerde eksegese berus.

Want die mens het in sonde geval en sodoende die beeld van God verloor. Sy beeldskap lê in sy kindskap, die mens is as kind van God geskape! Met die sondeval het die kindskap verlore gegaan. Dit kan alleen herstel word deur God self en hierdie herstel kom tot stand deur die Seun, die vleesgeworde Woord. Hierdie herstel geskied ook nie deur die bank nie maar raak alleen die uitverkore volk van God. God self maak dus verskil en handhaaf die verskil tussen die verloregaande wêreld en diegene wat in Christus herbore is. Alle mense is derhalwe nie voor God gelyk nie! Selfs die feit dat alle mense qua mense dieselfde menslike toerusting besit, maak almal nog nie gelyk nie. Die feit van die sondeval het tussenbei getree. Hierdie toerusting moet ontwikkel word en dit geskied nie op gelyke basis nie. Daarby kom nog die gawes en talente wat van mens tot mens verskil. Na die sondeval ontstaan daar derhalwe 'n ongelykheid onder die mense wat deurgaans selfs tot die tyd van die opstanding gehandhaaf moet word — ook dan kry ons die voortduurte tot in ewigheid van die twee ryke, nl. dié van die Lig en dié van die duisternis.

Met sy skepping het die mens die opdrag ontvang om te vermeerder en die aarde te vul. Met die spraakverwarring te Babel het God die mense gedwing om uitmekaar te gaan, terwyl met die straf op Noag die rasse-oorsprong gestel kan word. Die Skrif spreek dan ook van volke, tale en nasies. Hierdie onderskeidings is derhalwe ook deur God gewil en ingestel en moet gehandhaaf word, al neig die wêreld vandag tot internasionalisme.

Wat uit die Skrif duidelik blyk, is dat die mense 'n gemeenskaplike ouerpaar het, nl. Adam en Eva. Tussen die mense as sodanig bestaan daar dus die gemeenskaplike — almal is mense, toegerus met die menslike eienskappe soos die oorspronklike toerusting van Adam, nou egter deur die sonde besmet. Maar die mens moet vermeerder en die aarde vul. Differensiasie tree derhalwe in, differensiasie in volke en nasies, elk met sy eie taal. Hieruit blyk baie duidelik dat God ook die Insteller is van die samelewingskringe. Sommige hiervan is direk deur God ingestel. Ons dink hier aan die huwelik: Eva word na Adam gelei en as vrou aan hom gegee. Ook stel God die kerk as samelewingskring in, ook die staat. Sodanige samelewingskringe noem ons institute. Dit berus op 'n besondere goddelike instelling en is bestem om die tydelike menslike bestaan in intensiewe mate blywend, of altans, in 'n deel van die lewe

te omvat, onafhanklik van die indiwiduele wil. Die mens word daarin gebore en bly daarin. Later kan hy die bande van die samelewingskring vaarwel toeroep, hy kan uit die gesinsverband tree wanneer hy gaan trou maar dan omvat die familiekring hom nog. Hy kan die kerk waarin hy gedoop is, verlaat vir 'n ander kerk of verder lewe buite kerkverband. Hy kan die staatsverband waarin hy gebore is, verlaat en 'n burger van 'n ander staat word. Wat egter belangrik is, is dat lidmaatskap tot die institute nie van die indiwiduele wil afhanklik is nie en dat hierdie institute nie deur vrye organisasie, soos die Rapportryersklub, tot stand gekom het nie.

God is die Insteller van die samelewingskringe, direk of indirek. Hierdeur handhaaf ons onverswak dat alle samelewingskringe wat nie as institute gekarakteriseer word nie, ook deur God ingestel is. Hulle het geleidelik met die ontplooiing van sy raadsplan uit die gekompliseerde samelewing gedifferensieer tot selfstandige eiesoortige en gelykwaardige samelewingskringe. So het ook u Vereniging ontstaan. Elkeen van die samelewingskringe het 'n eiesoortige band waardeur mense t.o.v. gemeenskaplike belange deur vrye assosiasie georganiseer word. U merk hier dat die bepaling wie lede mag word tot die samelewingskring behoort en nie tot die mens via sy „human rights" nie!

Voor ons nou egter oorgaan om die apartheidsbeginsel aan die struktuurprinsiepe van die samelewingskring te toets moet ons eers aandag gee aan die begrip „ras", aangesien ons hierdie beleid sterk vind in ons land met sy veelrassigheid.

Uit die eerste mensepaar het daar baie mense ontstaan: die aarde is gevul. Hierdie mense leef in verskillende samelewingskringe saam. So is hulle in volke en nasies saamgesnoer deur die bande van die staat. Elke afsonderlike staat voldoen aan die struktuurprinsiepe van die staat maar kan baie staatsvorme aanneem. Die band wat die mense hier saamsnoer dra die karakter van owerheid en onderdaan. Maar die mense het nie alleen in samelewingskringe ontplooi nie, die mense het ook uiteengegaan in verskillende rasse. En hierdie rasse dra nie die karakter van samelewingskringe nie. In die ras vind ons dus geen band, geen gesagstruktuur nie. Dit is dus iets wesenlik anders as die samelewingskring. Dit is 'n biologiese begrip! Fesin. Familie. Volk. Nasie is almal samelewingskringe, maar Ras nie! Daarom mag die terme nie op dieselfde vlak gebruik word nie — dit sou tot oneindige verwarring lei. 'n Ras bestaan

uit mense met 'n gemeenskaplike biologiese samestelling. Verskillende rasse kan dan ook onderskeie word. Rassevermenging sou vermenging van biologiese samestellings wees, die gevolge waarvan onvoorspelbaar en onherstelbaar is. Vandaar die strewe om die biologiese samestellings suiwer te bewaar: soort soek soort. Rasseverskille dui nie noodwendig minderwaardigheid aan nie — al behoort jy ook tot watter ras, jy bly 'n mens met al die menslike toerusting wat enigeen besit — ontwikkeld of minder ontwikkeld, beskaafd of minder beskaafd, besmet of vry gemaak van die sonde! Binne alle rasse vind 'n mens die bestaan van samelewingskringe. Die ras is dus 'n aantal mense met 'n gemeenskaplike biologiese samestelling en hierdie mense leef saam, saam met mekaar en saam met mense van 'n ander biologiese samestelling, soos in Suid-Afrika waar ons 'n veelrassige gemeenskap het. Kan mense uit verskillende rasse nou ook opgeneem word binne 'n gemeenskaplike samelewingskring? Kan mense van verskillende rasse t.o.v. 'n gemeenskaplike belangstelling deur dieselfde band saamverbind, tot 'n hegte eenheid saamgesnoer word? Laat ons die saak nou ons ernstige aandag gee. En laat ons dit doen uit die Calvinistiese agtergrond soos hierbo geskets en veral waak daarteen om te veralgemeen of om die samelewingskring qua samelewingskring te verselfstandig. Wat bestaan: die samelewingskring of die besondere eiesoortige samelewingskringe? Die Fenomenoloog sou sê: die samelewingskring qua samelewingskring. Ons antwoord: al wat bestaan is die eiesoortige gelykwaardige intiem saamvervlegte samelewingskringe. M.a.w. in elke geval moet die vraag getoets word aan die struktuurprinsiepe van die besondere samelewingskring waardeur alle fenomenologiese analiese uitgeskakel word. Laat ons die vraag toets na aanleiding van 'n paar van hierdie samelewingskringe. En as eerste voorbeeld neem ons die huweliksgemeenskap. Is rassevermenging op die gebied van die huweliksgemeenskap as samelewingskring toelaatbaar kragtens ons Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing?

Die huweliksgemeenskap as samelewingskring is 'n direkte instelling van God. Eenmaal in die huwelik verbind is man en vrou nie meer vry om hierdie gemeenskap te verlaat nie — die band van die instituut het hulle omvat. Wat is hierdie band wat so heg saambind? Die huweliksgemeenskap berus nie op organisasievorm soos die staat of vereniging nie — sy band is dus anders as dié van daardie soort samelewingskringe. God

het Adam in 'n diepe slaap geplaas en uit 'n rib van Adam sy vrou gebou. Hierdeur word die gemeenskaplike biologiese samestelling van die egteliede beklemtoon sowel as die funderende funksie van die huweliksgemeenskap, nl. die biotiese: die bloedgemeenskap, waaruit die genetiese verband te voorskyn kom van die gesin. Maar die struktuur van die huweliksgemeenskap openbaar nie alleen 'n funderende funksie nie. Dit besit ook 'n leidende of kwalifiserende funksie, en saam bepaal hierdie twee funksies die eiesoortigheid van die samelewingskring, soos hy alle ander samelewingskringe die geval is. Maar by almal word die eiesoortigheid bepaal deur die besondere konstellasie a.g.v. funderende en kwalifiserende funksies. Die kwalifiserende by die huweliksgemeenskap is die etiese funksie — geen huweliksgemeenskap kan bestaan of voortbestaan as die egteliede nie getrou aan mekaar is nie. Nou mag ons in die bepaling van die antwoord op gestelde vraag, nl. rassevermenging op die vlak van die huweliksgemeenskap, nie eensydig en onvolledig slegs een van hierdie funksies in aanmerking neem nie. Hulle albei is ewe belangrik vir die bepaling van die struktuur van die besondere samelewingskring en van alle samelewingskringe. Die struktuur van die huweliksgemeeneskap word derhalwe bepaal deur sy funderende en kwalifiserende funksies — dit is die gemeenskaplike biotiese samestelling vir die bloedgemeenskap onder leiding van die getrouheid van die egteliede. Rassevermenging in hierdie gemeenskap is derhalwe uitgesluit: egteliede uit verskillende rasse sou nog getrou aan mekaar kon wees maar die bloedgemeenskap sou wees tussen twee verskillende biotiese samestellings — die gevolge waarvan onvoorspelbaar en onherstelbaar is. So is die apartheidsbeleid geheel en al geregverdig binne die huweliksgemeenskap.

Dit kan ons ook maklik aantoon op die gebied van die kerk, die skool, die verenigingslewe, ens. Ons gaan hier egter nie op besonderhede in nie, dit sou te veel tyd in beslag neem. Ons wil ons graag haas om die apartheidsbeleid t.o.v. die staat as samelewingskring te toets.

Die staat is 'n direkte instelling van God maar vereis die organisatoriese arbeid van die mens. As samelewingskring staan die staat naas die ander, elk van hulle is eiesoortig en gelykwaardig maar met 'n intieme samehang tussen hulle. Waarin lê die eiesoortigheid van die staat as samelewingsverband? En dan sou ons dit so kon stel dat die staat die mense

saamsnoer en organiseer t.o.v. hulle burgerlikheid. In die woorde van Dooyeweerd kan ons die staat tipeer as 'n publieke regsgemeenskap van owerheid en onderdane op die historiese (of organisatoriese) grondslag van 'n monopolistiese organisasie van die swaardmag oor 'n besondere kulturele area binne territoriale grense. Laat ons hierdie definisie probeer ontleed om dit beter te verstaan. Ons begin maar by die woorde: die staat is 'n publieke regsgemeenskap: Onder publiek word hier verstaan die mense wat saam lewe en hierdie publiek word deur die staat saamgesnoer op die aspek van die reg, van die juridiese. Daardeur kan gestel word dat die leidende funksie van die staat die juridiese is. Dit wil natuurlik nie sê dat geen ander samelewingskring nie ook 'n juridiese sy het nie. Dit beklemtoon egter die feit dat die juridiese nie die kwalifiserende by die ander samelewingskringe is nie. U Vereniging het sy statute en u lede moet daarvolgens handel anders is hulle strafbaar. Die straf deel u self uit en nie die staat nie. U straf en dié van die staat sal derhalwe verskil. Ook die kerk het sy eie reg: kerkreg en dit verskil ook van dié van die staat of van u vereniging. Die ander samelewingsverbande het ook nie die staat nodig om hulle reg vir hulle te positiveer nie — dit sou aan die staat 'n heersende rol in hulle bestaan gee waardeur hulle soewereiniteit tot niet sou gaan. Nee, die feit dat die staat 'n juridiese gemeenskap is, beteken dat die staat die gemeenskap organiseer t.o.v. die spesifiek regtelike aspek van die menslike saamlewe; dat die staat sy kwalifiserende funksie vind in die juridiese aspek van die lewe. Maar hierdie samelewingskring vertoon dan ook 'n eiesoortige gesagsrelasie, nl. van owerheid en onderdane, 'n gesagsrelasie wat nêrens anders aangetref word nie — en dan maak dit nie saak watter vorm die staatstelsel aanneem nie: of dit nou outokrasie, demokrasie, oligargie, monargie is nie — orals kry ons die verhouding: owerheid en onderdane. Almal is saamgesnoer met dieselfde band, nl. die publieke reg — almal is derhalwe burgers van die staat maar die gesag bestaan uit die owerheid wat regeer oor die onderdane. Hoe die owerheid saamgestel en daargestel word maak aan die struktuur van die staat geen verskil nie. Om die reg wat deur die staat gepositiveer word van krag te maak, moet die owerheid egter oor magsmiddele beskik om sy gesag te handhaaf en hierdie middele kom slegs aan die staat toe. As u Vereniging of alle andere organisasies ook oor hierdie middele beskik, sal daar gou botsing wees. Nee, die

swaardmag kom monopolisties slegs aan die staat toe. Vandaar dat semi-militêre organisasies altyd moeilikheid veroorsaak — ons dink hier aan die Ossewabrandwag gedurende die oorlog — 'n doring in die vlees van die destydse regering wat dan ook per dekreet verbied is. Daarom ook gaan die Voortrekkerbeweging deur as 'n kulturele organisasie, maar moes ook 'n verbod geplaas word op die kommunistiese party sowel as die A.N.C. en ander nie-blanke politieke partye, aangesien hulle hulleself verhef het tot state. Van belang is om te onthou dat ons hier 'n organisasie het van die monopolistiese swaardmag. Die menslike organisasievermoë speel hier 'n beslissende rol, daarom stel Dooyeweerd dit so dat die funderenre funksie van die staat die sg. historiese is. Met die term „historiese funksie" dui Dooyeweerd die organisatoriese vermoë van die mens aan. Maar nie alleen t.o.v. die kwalifiserende funksie word die staat begrens nie — hy kan die mense se geloofslewe of sedelike lewe of estetiese lewe of ekonomiese lewe, ens. nie organiseer nie, wel sy juridiese lewe — ook t.o.v. die funderende funksie is die staat begrens. Hy organiseer die burgers t.o.v. die swaardmag met begrensing die besondere kulturele ontwikkeling binne territoriale grense. Dit is vir die staat van lewensbelang dat sy burgers op min of meer dieselfde peil van kulturele ontwikkeling moet staan. Die staat moet hierdie peil dan ook met wetgewing vaslê en almal wat hierdie peil nie bereik nie moet as onmondige burgers beskou word en mag nie deel in die voorregte van die burgers nie. So bind die band van burgerskap. So bind die staatsband mense sāam wat dieselfde kulturele peil bereik het en hierdie eis stel die staatstruktuur aan die staat as samelewingskring. Dit is derhalwe nie vanselfsprekend dat almal binne die territoriale grense aan die voorregte van burgerskap sal deel nie — onmondige kinders is hiervan uitgesluit, burgerskap moet verwerf word. Hiervan is ook uitgesluit alle swaksinnige en kranksinnige mense — hulle kan burgerskap nie verwerf nie. Hierdie kulturele peil is die slagaar vir die staat, sny jy hom af, vernietig jy die staat. 'n Ander eiesoortige samelewingskring sien egter toe dat die kulturele peil bereik word, nl. die skool. Dit subsimeer die skool egter nie aan die staat nie, dit maak van die skool egter nog geen staatskool nie — 'n staatskool is in werklikheid 'n onding. Die staat word verder ook begrens deur sy territoriale grense — staatsburgerskap is beperk tot hierdie grense. Sodra grensoorskreiding hier

plaasvind kry ons oortreding op die gebied van 'n ander staat. Maar staatsburgers van een staat kan tydelik in 'n ander staat vertoef. Daar word hulle belange beskerm deur die offisiële kanale, daartoe geskep in die vorm van ambassades ens. So het die staat dan 'n eiesoortige karakter en word sy struktuur bepaal deur die leidende en funderende funksies, vertoon hy ook 'n eiesoortige gesagstruktuur maar kom ook al die ander funksies van die mens tot uiting in die staat as samelewingskring: altyd egter binne die besondere konstellasie van die staat.

Watter konsekwensies hou hierdie Calvinistiese staatsbeskouing in met betrekking tot die rasseverhoudinge? In die eerste plek moet die verskil tussen ras en samelewingskring weer beklemtoon word. Die staat is 'n spesifieke eiesoortige samelewingskring met 'n eiesoortige gesagstruktuur en gesagsvorm. Die staat het die privilege om te bepaal wie tot sy burgers gereken sal word en wie nie — dit lê nie in die sg. „human rights" van die mens nie! Die mens is nie kragtens sy menswees burger van 'n staat nie — burgerskap moet verwerf word. Dat die staat tot burgers kan toelaat mense uit alle rasse is die privilege van die staat, maar dan moet die mense voldoen aan die eise, kragtens sy struktuur, deur die staat gestel — eise van kulturele ontwikkeling en territoriale grense. Binne ons landsgrense woon daar vandag miljoene Bantoes wat onderling groot verskille besit, en wat op 'n baie lae peil van kulturele ontwikkeling staan. Hulle is inderwaarheid op kulturele vlak onmondig. Om aan hulle burgerskap te verleen sou beteken 'n verlaging van die peil soos vereis deur die staat. Sodanige verlaging van ontwikkelingspeil kan alleen die voortbestaan van 'n selfstandige staat in gevaar stel. Dit mag nie, dit sou selfmoord beteken. Burgerskap kan derhalwe om genoemde rede nie aan die Bantoemassa toegeken word nie. Maar ook in 'n ander opsig word die voortbestaan van die Republiek van Suid-Afrika bedreig deur die toekenning van burgerskap aan die Bantoe, en wel deur die daarmee samehangende oorheersing van die Bantoe vanweë getalle oorwig. Dit sal ook 'n nivillering inhou van die blanke element. En dit is juis hierdie element wat Suid-Afrika op die vlak van 'n staat gebring het. Uitskakeling van die blanke element beteken dus 'n vernietiging van staatwees. En dit mag nie. Tog het almal wat binne ons landsgrense woon reg op die integrering binne die

publieke belang op regsgebied en die beskerming van die georganiseerde swaardmag. Ons landswette geld derhalwe nie slegs vir sy mondige burgers nie maar ook vir die onmondiges — blank sowel as nie-blank. Dit is so dat die staat kragtens sy struktuurprinsiepe 'n tipies integrerende politiese eenheid konstitueer ten spyte van alle verskille of verdelings wat sy bevolking vertoon in ander sosiale verhoudings. Ons burgerskap word hierdeur bepaal. Pas ons dit voetstoots toe op die Bantoe, sonder inagneming van die hele staatsstruktuur, dan sou dit ons tot die gevolgtrekking lei dat alle Bantoes wat hier gebore en grootgeword het en nooit 'n ander tuiste geken het nie, net so in die staatseenheid opgeneem behoort te word as enige blanke. Dit sou egter slegs 'n halwe waarheid wees, want dan vergeet ons die eis van kulturele ontwikkeling. En al gee ons aan almal stemreg, dus mondige burgerskap, wat standerd VI behaal het, dan vergeet ons die aandeel van die blanke in die staatkundige ontwikkeling van ons land en pleeg ons weer selfmoord. Daarby is dit die goeie reg van die samelewingskring om iemand binne sy geledere te betrek. Hier mag nie aan die Liberalisme toegegee word nie. Dit is dus die goeie reg van blank Suid-Afrika om te weier om aan die Bantoe stemreg te gee. Maar wat gaan ons dan doen met die Bantoe? Gaan ons hulle in 'n voortdurende staat van on mondigheid hou? Dit is die een alternatief en hiervoor sien ons nie kans nie. Dit sou onchristelik wees. Die Bantoe ontvang vandag nie alleen kerstening nie maar hy word op alle lewensterreine tot mondigheid gelei. Die beste fasiliteite word op opvoedkundige terrein aan hom gebied en die getalle mondige — staatkundigmondige — Bantoes neem by die dag toe. Hulle mondigheid moet noodwendig erken word. Die enigste oplossing hiervoor, en dit is die ander alternatief, is die stigting van Bantoetuislande waar die Bantoe kan leer om in alle aspekte van die lewe selfstandig op te tree. Hierdie Bantoetuislande moet dan ook geleidelik ontwikkel tot selfstandige Bantoestate. Dit bereik ons geleidelik in die Transkei. Die ander is vinnig op pad hierheen. En dit is 'n eerlike en regverdige oplossing. En dit is die apartheidsbeleid van Suid-Afrika! Blank Suid-Afrika weier burgerskap aan die Bantoe maar skenk die Bantoe die geleentheid om burgerskap binne sy eie staat te verwerf, skenk hom die geleentheid om tot 'n eie staat op te groei waar hy sy eie sake op eie wyse onafhanklik van die

blanke kan behartig, langs en in vriendskaplike betrekking met blank Suid-Afrika.

Uit die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing word ons dus gelei tot die enigste oplossing vir ons veelrassige probleem, nl. afsonderlike ontwikkeling en vreedsame naasbestaan van soewereine state. En dit gun die „wêreld" ons nie En ons verstaan dit. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie

J. A. L. Taljaard.

P.U. vir C.H.O.

* * * *

**RESENSIE-ARTIKEL**

Molenaar, ds. D. G.: *De Doop met de Heilige Geest.* Kok, Kampen. 1963.

A. *Uiteensetting.*

I. *'n Manko in Gereformeerde lewe en leer.*

Ds. Molenaar begin sy boek, waarvan hy self die publikasie nie beleef het nie, deur te wys op 'n groot tekort, 'n manko, nie alleen in die Gereformeerde vroomheid of lewe nie maar ook in die Gereformeerde teologie. Hy beskou dit as hoogs merkwaardig dat die Gereformeerde teologie in die verlede so goed as niks raakgesien het van die groot betekenis van die sogenaamde doop met die Heilige Gees nie. Daarby meen hy dat die Gereformeerde predikante verleë sit met die Pinkterfees. Talle probleme meen hy vir die Gereformeerde teoloog raak te sien, veral ten aansien van die moontlikhede van die Gees teenoor die so tasbare „onmoontlikhede" in ons lewe. Die probleme is syns insiens nie onoplosbaar nie, as mens maar die moontlikhede van die Gees nie beperk tot die verlede nie.

Hy stel hom dan ook op die standpunt van die herhaalbaarheid van Pinkster en wil van daaruit in sy hele geskrif aantoon, om dit in sy eie woorde te stel, „dat de doop met de Heilige Geest een bepaalde geestelijke ervaring is, die uitgaat boven de werking van de Heilige Geest bij de wedergeboorte en de bekering, en die het christelijk leven op een hoger niveau brengt". (p. 7).